# Die Sewe Heilige Stigters van die Serviete

## 17 Februarie



© Die Oratorium Uitgewery

(13de eeu)

Hierdie sewe manne word vereer as die stigters van die Orde van die Dienaars van Maria, wat in die volksmond as die Serviete bekend staan. Hulle was almal inwoners van die stad Florence, waar hulle ook lede was van die destydse Broederskap van Onse Liewe Vrou, 'n groep gelowiges wat 'n lewe van gebed en naastediens wou lei te midde van die verskriklike materialisme en onsedelikheid van hul tyd. Hulle ervaar 'n visioen waarin Maria hulle die opdrag gee om uit die stad pad te gee en hulle by die berg Senario te vestig. Daar het hulle begin om 'n gemeenskapslewe te lei met die Reël van Augustinus as hul riglyn. Pous Benedictus XI het in 1304 kerklike erkenning aan die nuwe stigting verleen. Hulle name was: Bonfilio Monaldo, Alexis Falconieri, Manettis dell'Antello, Bartolomeo Amidei, Uguccio Uguccione, Sostenes Sostegno en Buonagiunta Monetti.